

Geagte Boerevolksgenoot, bondgenoot en vriend.

Ter inligting. Ek het hiermee my opdrag wat ek van Saterdag se vergadering ontvang het,uitgevoer in soverre dit die opstel van die brief betref. Dit sal vandag gestuur word aan die kantoor van die president en aan die sogenaamde BAV. Die brief sal ook uitgaan aan diegene wat aan my die mandaat gegee het. Dit staan u vry om ook u eie seining van die saak aan die betrokkenes te oorhandig.

Piet Rudolph .

Geagte president,

BEOOGDE SAMESPREKINGS: U REGERING EN DIE SOGENAAMDE BOERE AFRIKANER VOLKSRAAD

1. In opdrag van ’n konferensie van belanghebbende Boere en Bondgenote wat plaasgevind het op Saterdag, 26 Julie 2014 en onder voorsitterskap van Boere-Republikeine, is die volgende mandaat aan my verleen:

“Hiermee gee ek onherroeplik ’n Mandaat aan mnr. Piet Rudolph om namens my as deel van die Boerevolk met die President van die Republiek van Suid-Afrika en die Boere-Afrikaner Volksraad te skakel en ek en my nageslag se belang te beskerm.”

2. Die dokument is geteken deur 32 van die teenwoordiges en is ter insae beskikbaar op aanvraag. Dit is my voorreg om die opdrag van die verteenwoordigers hiermee uit te voer. Vergun my dus om u soos volg in te lig:

2.1. Dat daar nie iets soos die Boere-Afrikanervolk bestaan nie;

2.2. Mnr. Breytenbach of die sogenaamde BAV of enigeen van die betrokke instansie nie namens die Boerevolk praat nie;

2.3. Dat die Boerevolk bestaan uit die afstammelinge en nageslag van die Boere-Republikeine wat op 31 Mei 1902 met wapengeweld in Suid-Afrika onderdruk is en die twee Boere-republieke met geweld geroof is.

2.4. Om die bogenoemde wandaad teen die Boerevolk te bespoedig en die Boerevolk tot oorgawe te dwing, is meer as 35 000 Boerevrouens en -kinders deur die Britte in konsentrasiekampe om die lewe gebring.

2.5. Ons, die nageslag van die genoemde Boere-Republikeine wil die totale soewereine onafhanklikheid van die Boere-republieke van Transvaal, Noord-Natal en die Oranje-Vrystaat herstel sien. Ons stel nie belang in “teritoriale selfbeskikking” soos deur die BAV omskryf nie. Dit is ooglopend dat die genoemde instansie nie belangstel in die herstel van die Boere-republieke nie. Daarom kan die instansie nie namens die Boerevolk praat nie.

3. Laat my toe om ook aan u uit te wys dat u nie by magte is om oor die Boerevolk se Vryheid met enigiemand te besin nie omdat ons Vryheid en die herstel daarvan, in die hande van ons Hemelse Vader lê wat op SY tyd en volgens SY raadsplan, aan ons as SY kinders, ons Vryheid sal gee.

4. Geliewe daarop te let dat ons geen beswaar het as die Breytenbach-groepering met u oor die lotgevalle van Afrikaners wil besin nie. Dit moet egter duidelik en onomwonde aan u gestel word dat Boer en Afrikaner nie dieselfde is nie. Daarvoor is daar meer as genoeg historiese bewyse.

5. Ek stuur ook vandag ’n afskrif hiervan aan die adres van mnr. Breytenbach en sy groep.

Met eerbied en respek

Piet Rudolph: namens die Boere-Republikeine teenwoordig.

e/pos: piet.rudolph@gmail.com